

René Marais

“Tagtig is great, no doubt, and Letoit its prophet”
(met apologie aan T.T. Cloete)

Ek strew na 'n kulturele omwenteling om die Afrikaner in Afrika te vestig en die voortbestaan van Afrikaans in informele vorms te vestig.¹
André Letoit



René Marais
(Foto: A.A. Kock, RGN)

“André Letoit, vroeër en soms nog André le Roux du Toit, Koos tussen my vriende in die Konserwatiewe Party wie ek deesdae nie meer groet op straat nie”² is vandag een van die kleurrikste en interessantste figure in die Afrikaanse letterkunde. Hy is digter, skrywer van kortverhale en romans, het al gedigte, kortverhale, artikels en briewe in bykans al die belangrike én bykans onbekende literêre tydskrifte in Suid-Afrika gepubliseer, hy skryf briewe aan koerante, hy is aan Jan Alleman bekend as skrywer van gewilde lekkerleesverhale (waarvan daar in 1982 'n bundel verskyn het), hy is Tagtiger, redakteur van 'n eie little magazine, *Die “Tagtiger”*, en hy is deesdae ook uitgewer. Daar het reeds twee bundels poësie van Letoit verskyn, *Brekfis met vier*, in geselskap van drie ander jong digters, en 'n solobundel, *suburbia*. Ek wil graag sy poësie nader toelig en aan die hand daarvan ook sy skrywerskap in die algemeen in oënskou neem. Aangesien ek my egter tot 'n artikel van beskaafde omvang moet beperk, sal sommige aspekte van Letoit se werk slegs kortliks bespreek kan word.

In die gedig “ipv voortdurend” uit *suburbia* veroorloof Letoit hom om “iets persoonliks” van homself mee te deel: hy word “'n digter wat tussen die reëls van sy eie gedig uitklim/met 'n coca-cola-hoedjie op sy kop” en dan allerlei omtrent homself meedeel, soos dat hy ook migraine kry, braaiwleise bywoon en melktert saam met sy vriende eet. Dan sê hy egter: “daar is niks spesiaals aan my nie, vriende/behalwe dat ek van woorde leef”. Ek glo dat dit van min woordkunstenaars so waar is soos van Letoit: hy verdien dan ook letterlik sy brood deur middel van sy skryfwerk.

André le Roux du Toit is op 5 November 1954 (Guy Fawkes-dag) in Kaapstad gebore en het sy hoërskoolopleiding in Pretoria voltooi. Hy het aan verskeie universiteite gestudeer sonder om sy B.A te voltooi. Sy huidige beroep is “vryskutskilder en -skrywer”, maar hy het al by plekke soos Sanlam, Barclays Bank, die Miracle

Centre, Hoofstadpers, die Brandweer (hy is 'n Gekwalifiseerde Junior Brandweerman), die Departement van Gesondheid, Pizzaland, Golden Products, Kentucky Fried Chicken en NG Kerk-uitgewers gewerk.³ Hy het hom in die Kaap gaan vestig. Sy eerste manuskrip poësie is egter in Pretoria saamgestel. Hy het hierdie manuskrip, *Ontbyt met hoenderleis*, aan *Ensovoort* geskenk en skryf in 'n meegaande, ongedateerde brief aan die tydskrif soos volg daarvoor: “Genoemde manuskrip, *Ontbyt met hoenderleis*, het ek saamgestel tydens my laaste maande van ballingskap in Pretoria. Dit was nadat ek al vir sowat sewe jaar sonder sukses probeer het om dáár 'n kulturele revolusie aan die gang te kry. Die manuskrip is dus 'n wanhoopskreet . . . Genoemde manuskrip is vir my baie belangrik en nostalgies en ek voel dis die beste manuskrip van my lewe hoewel die uitgewers nie hou van die sintaksis en die tekeninge en die kolle waar ek ontbytkos gemors het nie. Ek weier nog sover om dit met enige wysigings te laat aanvaar vir publikasie.”

Ten einde in die Kaap liggaam en siel aanmekaar te hou,⁴ het Letoit *pot-boilers* vir *Huisgenoot* begin skryf en sedert 1980 groot sukses daarmee behaal. In 'n essay getiteld “Ek, Onself, Die Hele Spul (die eerste literêre essay deur 'n proefsbuisbaba ooit)” aan *Tydskrif vir Letterkunde*⁵ plaas Letoit dié verhale soos volg in perspektief: “My stories vir die *Huisgenoot* is in 'n mate 'n kompromie en 'n afwyking van Tagtig, eerstens om ekonomiese redes, tweedens ook omdat ek die laaste tyd my verstand begin kry het en besef het dat ek as skrywer nie alleen my vervreemding hoef uit te spel nie, ek kan ook my deel bydra tot die skep van 'n gawer leefwêreld vir die geslagte Afrikaanse kinders wat ná my kom. Deel daarvan behels die skryf van ontspanningslektuur wat tredhou met veranderde omstandighede in Suid-Afrika, jeugverhale in die nuwe idioom (Topsy Smith sal nie vir altyd leef nie, en Mnr. Rousseau se toekomsvoorspellings sal binnekort vir Fritz Deelman in die steek laat).”⁶

*Brekfis met vier*⁷ verskyn in 1981 by Uitgewery Skoppensboer in Bellville. Dis 'n uitgewery wat deur Etienne van Heerden en Louis Serfontein gestig is, “gebore uit 'n behoefte aan 'n skrywergerigte uitgewery . . . Skoppensboer plaas skrywersbelang bô uitgewersbelang, publiseer 'n goedkoper boek, betaal 'n groter outeursfooi, en gee aan die jong skrywer meer seggenskap in die besluit om uit te gee al dan nie.”⁸ *Brekfis met vier* is 'n poësiebundel waarin André le Roux du Toit, Daniel Hugo, Peter Snyders en Etienne van Heerden saam debuteer. Letoit (oftewel dan Le Roux du Toit, soos hy op daardie stadium nog bekend gestaan het) se negetal verse is goed geskryf en afgerond en verseker hom van 'n sterk debuut. Die drie hoofemas waaroor die gedigte handel, is liefde, religie en skrywerskap, terwyl rassepolitiek ook in “Laag lied”, wat 'n toespeeling op Salomo se Hoog lied is, betrek word. Die gedig “Ek dood”, een van die treffendste gedigte uit die nege, handel oor God se liefde. Nadat die gestorwene sy bestaansbesonderhede en geloofsdoortuigings “op pienk vorm drievoud” ingevul en Petrus dit bestudeer het, word die hemelhek oopgesluit: “gaan maar binne/god nie godsdienstig/god liefde”. Hierdie drie versreëls verwoord 'n opvatting wat dikwels sentraal staan in Letoit se religieuse gedigte: God is liefde, nie dogma nie.

Straatkafees kom telkens in Letoit se poësie voor en in “Nagkafee” bestempel die digter sy woorde as “kafees wat donker koek verkoop”. In 'n onderhoud wat Etienne van Heerden in die winter van 1978 met Letoit gevoer het, stel hy die volgende vraag aan Letoit:⁹

"Van Heerden: 'U voorliefde vir straatkafees, wat in byna elke gedig opduik (Letoit lag) . . . 'n baie bekende kritikus het eendag vir my gesê, verwysende na u alreeds verskene sewe digbundels . . .'

(Letoit bars uit van die lag)¹⁰

Van Heerden: 'Waarom lag u indien ek praat van u poësie? Hy't vir my gesê dat hy dink dat dit 'n effens romantiese verbintenis het met die avant-garde bewegings in Frankryk . . . jare gelede, aan die begin van hierdie eeu, ook waar natuurlik die eksistensialisme sy beslag gekry het in die kafees, die straatkafees . . . Kan u vir my sê waarom is u lief vir Wimpy Bars en sulke dinge?'

Letoit: 'Nie Wimpy Bars nie.'

Van Heerden: 'Wat dan? En waarom?'

Letoit: 'Wimpy Bars is uit! . . . Maar . . . kyk, 'n mens se omgewing, soos jou kamer, is vir 'n mens baie belangrik . . . en vir die neëntiende en twintigste eeu is straatkafees net so belangrik soos grotte met muur . . . e . . . skilderye was vir die, vir die oermense . . .'

Van Heerden: 'Fantasies!'

Letoit: '. . . in die sin dat die impressionistiese skilderkunsbeweging het sy beslag gekry in straatkafeebesprekings laat in die nag . . . en so ook die ander bewegings wat jy genoem het, waar ek is, ek . . . ek is nie op hoogte van . . . van hulle almal nie.' Vir Letoit is die straatkafee dus 'n plek wat dien as stimulus vir die kunstenaar, 'n plek waar nuwe dinge gebore en beredeneer word. Sulke dinge wys duidelik hoe die leefwêreld van die hedendaagse kunstenaar verander het ten opsigte van dié van vroeër Suid-Afrikaanse kunstenaars soos, sê maar, die Dertigers. Hierdie onderwerp kom later weer ter sprake.

Gedurende 1981 besluit Letoit om sy eie naam, André le Roux du Toit, nie langer as skrywersnaam te gebruik nie. Hy stel dit soos volg in 'n brief aan *Ensovoort*, gedateer "± 8.9.81": "Om verwarring met André le Roux uit te skakel gaan ek vir skryfdoeleindes my van verander na Letoit. Dis 'n skiet op Etienne Leroux en die hele boksemdais."

Letoit se eerste (en tot dusver enigste) solodigbundel verskyn gedurende 1981 by Perskor in Johannesburg. Die titel daarvan is *suburbia* en dié bundel is in verskeie opsigte nie so afgerond soos *Brekfis met vier* nie. Perskor het weer eens hul gewone kwota set- en spelfoute gemaak¹¹ en myns insiens is die gedigte wat ingesluit is in dié bundel nie so oordeelkundig en streng gekeur soos dié wat in *Brekfis* verskyn het nie. Letoit het 'n groot aantal baie vroeë gedigte ingesluit ("bondel" is reeds in Augustus 1972 geskryf en het oënskynlik geen wysigings ondergaan nie (*suburbia*), terwyl 'n gedig soos "die sandaalmaker" al in die manuskrip *Ontbyt met hoenderuleis* opgeneem was). Hierdie vroeë gedigte toon dikwels 'n naïwiteit en onbeholpenheid ten opsigte van verstegniek wat nie in die later verse aanwesig is nie. Die vroeë gedigte is, om Letoit se eie woorde ten opsigte van Johan van Wyk se eerste twee digbundels aan te haal, "vingeroefeninge"¹² wat tóg ietwat afbreuk doen aan *suburbia*. Ek dink aan gedigte soos "diagnose", meer spesifiek die versreëls "hierdie groot half-bewuste seer/van ek-wees./hierdie niks-wees./hierdie foltering sonder bewussyn", die geyke tipografiese truuk in "bondel" (die persona *klim*, maar die versreëls loop skuins na benede), die selfbejammering in "'n lewe sonder vriende": "dan is dit my lot:/n lewe sonder vriende/of stemme wat verstaan" — dit herinner nogal sterk aan die sentimente van Goethe se karakter Werther in *Die Leiden des jungen Werthers*, wat so 'n vlag selfmoorde onder die leserspubliek tot gevolg gehad het, en waarvan Goethe later gesê het dat hy nooit die boek sou geskryf het indien hy geweet het dat dit só 'n uitwerking sou hê nie. Verstegnieuse swakhede behels ook onder andere die toevoeging van 'n oorekspliserende naskrif tot die gedig "groei". Ofskoon Letoit hom al meermale skriftelik oor Tagtig as "beweging" uitgelaat het, verswak die toevoeging van vroeë gedigte tot *suburbia* die Tagtiger-inslag van die bundel.

Namate ek meer te wete kom van die eienaardige en meermale toe-vallige wyses waarop bundels soms aan hul titels kom, raak ek al huiweriger om my oor 'n bundeltitle uit te spreek. Maar ongeag van die manier waarop die digter aan sy bundeltitle kom, glo ek dat die titel tog sinvol ten opsigte van die bundelinhoud of -konteks moet wees, sonder om te impliseer dat elke bundel noodwendig 'n eenheidsbundel soos *Komas uit 'n bamboesstok* moet wees ten einde as 'n goeie bundel beskou te kan word. Letoit het nie self die titel *suburbia* gekies nie. Hy het, op Perskor se aanvraag, 'n kortlys met moontlike titels aan hulle gestuur en die keuse aan die uit-

gewer oorgelaat. Hulle het op 'n gedeelte van 'n voorgestelde titel besluit: *suburbia*. Wanneer mens egter na die bundelinhoud kyk met die titel in gedagte wonder jy tog of dit die beste keuse was. Die *Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English*¹³ gee die volgende verklarings ten opsigte van die woord "suburb": "out-lying residential district of a town or city" en, met die negatiewe konnotasie wat ook in Afrikaans inslag gevind het, "having the good qualities of neither town nor country people". Ek kon slegs agt gedigte vind waarin daar betreklik duidelike verwysings na 'n stadswêreld is. Van hierdie agt gedigte gee "grom" die duidelikste voorstelling van die ontlustering van die stad en stedelinge: "die stad is in die nag gehul en sterre blom een-vir-een oop soos moë hoerhuise". In die meeste ander gedigte kan die milieu òf stedelik òf landelik wees en is dit dikwels ook nie eens so belangrik nie. Die titel kan egter ook na die reeds gestereotipeerde opvatting van 'n saai, onopwindende, "gemiddelde" voorstad bestaan verwys: 'n werker wat sy "hele lewe lank stadig oud . . . word/agter 'n lessenaar met 'n afgekoude pen" ("in en uit"), mense wat "voor die fliek ontmoet" ("visserman") en 'n lewe waar "alles gaan om skreeuende bybies/en kombuiske wat piep" ("elegie vir my toekomstige vrou"). Aan die ander kant is die romantiese idille ook goed verteenwoordig in *suburbia*, byvoorbeeld in "daar is rus in die bome" waar vloerplanke monoloë voer onder die bed, of in die gewelhuise/wit afdophuise in die gedig "fiorauna", waarin die milieu landelik is.

Die gedigte in *suburbia* kan, soos in *Brekfis met vier*, in drie tematiese kategorieë verdeel word: gedigte oor skrywerskap (kunsteoretiese gedigte), wat die grootste kategorie verteenwoordig, gedigte oor die liefde en gedigte met 'n religieuse inslag. Volgens die boekaan-kondiging wat in drie Afrikaanse koerante verskyn het, is "die deurlopende motief in die digbundel . . . 'n paniese eensaamheid".¹⁴ Daar is wel sprake van isolasie (bv. in "diagnose"), van alleenwees ("elegie"), van verlange ("iets" en "om jou weer te sien"), van pogings om te kommunikeer ("die steen wat die bouers gefloemie het"), van soeke ("dan dra ons ons tone") en van onvergenogdheid met die lewe en die mens ("gebed vir my pleegmoeder" en veral "grom"), maar nie van 'n paniese eensaamheid nie.

Die religieuse gedigte in *suburbia* getuig van 'n kinderlike, opregte ingesteldheid ("jésus wat my/kom haal" uit "elegie"), 'n siening van Christus as 'n God wat tred hou met die wêreld van vandag, in teenstelling met die onaanpasbaarheid van die sinode ("O GOD/sê die kerkvaders in hulpelose gewring/dit is die einde van ons sinode-geding/teen alles wat gekleur en engels/ is; kyk dan oom henning hy dra wragtag DENIM!" — "dan kom jésus weer"). Die persona wil hom van die kerk distansieer: "ek wil god leer ken/maar ek wil nie kerk toe gaan nie" ("in en uit").

Die gedigte oor die liefde dek 'n hele spektrum emosies wat wissel van romantiek ("ek wil vir jou my lewe gee/in die wit afdophuise van my hart" — p. 37), verlange "om jou weer vas te hou" (p. 50 — 'n swakkerige gedig) en "om jou weer te sien" (p. 51), 'n Hoogliedliefde wat sê "hoe fyn, hoe mooi, hoe onverwags,/hoe bruin en liefies is jou tone nie" (p. 47) tot ontugtering met die huwelik (p. 34), "'n horde innige (en vlugtige) ontvlugtings" (p. 41), prostitusie (p. 39) en 'n ontlustering van seksuele liefde as verbruikersartikel: "eros het op skilderye blink boudjies en krulhare/en ondeunde ogies. maar in werklikheid is hy 'n steekvlieg/wat optree as orgie-bevelvoerder/in hierdie dekadente asemspelagtige vergrypery/na niks. ons ontklee mekaar platonies/en suig ons restaurant-strooitjies/met al die bottergeklopte waansin/van 'n twintigste-eeuse gorillaspesie" ("grom"). Die liefdesgedigte is van wisselende gehalte. Charles Malan maak in sy resensie van *suburbia* in *Die Volksblad*¹⁵ die volgende stelling: "Die hedonistiese wêreld van die verbruikersgemeenskap . . . word afgewissel met gedigte oor die liefde en die 'eksistensie' wat wel meestal parodiërend van aard is, maar dikwels aan die soetlik-sentimentele grens." 'n Gedig soos "pieke" is myns insiens swak omdat dit ondeurdag en gevolglik onsinnig is: hoe kan die persona byvoorbeeld "'n/oomblik stil horisontaal afsydig" staan? (Dit benewens die feit dat Letoit in die tweede strofe gebruik maak van wat André P. Brink die "erdwurm-patroon" noem en reël 21 op 'n niksseggende woord soos "'n" laat eindig!) Ek glo egter dat genoemde en soortgelyke voorbeelde in *suburbia* eerder aan swak verstegniek as aan 'n sentimentele instelling by die digter toegeskryf moet word en ek wil my

skaar by André P. Brink wat sê: “. . . die bekoorlikheid van (Letoit se) beste verse lê juis daarin dat hier eintlik ’n *romantikus* aan die woord is: iemand wat die vulgêre alledaagsheid déúrkyk om daar-ágtër die sinryke of blywende te soek”.¹⁶ Hierdie romantiese ingesteldheid van Letoit kom ook in sy kortverhale na vore (veral in sy *Huisgenoot*- en *Sarie*-verhale) en sy persoonlike korrespondensie ver-raai dit ook. Brink sê verder dat “van die liefdesgedigte in die bundel ook onder die mees geslaagdes”¹⁷ is en noem “elegie” en “as is verbrande sigarette” as voorbeeld van geslaagde gedigte.

Die grootste corpus gedigte in *suburbia* handel oor skrywerskap en/of betrek minstens aspekte daarvan. Daar word selfs opgesit om die literatuur, soos dit in “kersvashou” gestel word. Die persona sê van sy meisie: “jy is my jane eerie” (’n toespeeling op Charlotte Brontë se *Jane Eyre*?) en boeke en musiek speel ’n belangrike rol in sy hofmakery: “ek leen my balzaacs uit vir jou/en open jou met mendelsohn”. In “elegie” praat hy met Karen oor die “nuwe boek van watsenaam”, in “portret van ’n dame” gesels hy en sy meisie “oor toasted cheese en croissants/by lady annabels/. . . oor de saint-exupéry se little prince”.¹⁸ In “florauna” wil die persona vir sy liefling “boekrakke met sartre” gee. Die skeppende woord word ook ingespan in die hofmakery: “my meisie-vriendin/ek sal gou vir jou ’n gedig maak/ek sal hom vir jou raam met my mooi voordrag-stem/sodat jy vanaand daarvan kan droom” (“my meisie-vrien-din”). Woorde het egter nie altyd die gewenste uitwerking nie. In “ek het vir jou die barok-woorde” stuur hy dié woorde van sy liefde aan sy beminde/vriendin in die hoop dat sy hom “agter (sy) diep rimpels kon sien bid”, maar die geliefde het dit nie begryp nie, want “jy het teruggeskryf/en gesê jou skoonsuster is verloof/en jy het al klaar jou salaris geblaas/en dit het lanklaas gereën”.

Daar is selfs twee verwysings na die leesgewoontes van Jan Alle-man. In die vers “aan john lennon” word vertel van Lennon se “fan’s (wat) . . . bybies grootmaak en reader’s digest lees”, en in “in en uit” sê die persona: “ek wil nooit middeljarig seniel/in my onderbroek sit en koerant lees nie”.

Letoit betrek die “gevormde literatuur” in “regte boeretuintjie”, ’n parodie op Opperman se gedig “Sproeireën”, en die titel “epi-loog om ’n bamboesstok” verwys kennelik na *Komas uit ’n bamboes-stok* (dus is Opperman waarskynlik die spreker in dié gedig, in ge-sprek met ’n tydgenootlike digter). Die gedig “brise marine” her-inner sterk aan die Middelnederlandse verhaal *De reis van Sente Brandane*,¹⁹ waarop Opperman sy *Brandaan*-siklus gebaseer het, ofskoon Letoit na Bartholomeus Dias verwys. Letoit noem ook sekere digters by die naam in *suburbia*: Etienne van Heerden in “my testament”, W.E.G. Louw in “gebed vir w.e.g. louw” en Breyten Breytenbach in “breyten se wiel” (waarskynlik na aanlei-ding van Breytenbach se gedig “Vleiswiel” uit *Die huis van die doue*). Dit sou seker nie verregaande wees om hierdie verwysings te sien as erkenning in ’n mindere of meerdere mate van skatplig-tigheid jeens dié digters nie.

Letoit se siening van skrywerskap kom in ’n hele paar kunsteore-tiese gedigte ter sprake. In “diagnose” sien hy sy digterskap as ’n gevolg van skisofrenie: “hierdie onchristelike dog hoogs kreatiewe verwarring/as gevolg van/een of ander chemiese wanbalans in die brein”. Die bedryf van die digter word gesien as iets wat vereensa-ming veroorsaak: “ek skryf my gedigte, geïsoleerd/en sit stil in vol vertrekke”; hy kom saans alleen in sy kamertjie en kommunikeer “met die geeste in my klerekas”. Ofskoon die poësie dan klaar-blyklik vereensaming in die hand werk, mag poësie nie “alleen staan” nie. In “art for art’s sake” stel Letoit dit ondubbelsinnig dat poësie wat “agter eie grense/sonder enige relevansie met buur-state/homself abstrak verheerlik” nooit volkspoësie, volksbesit, sal word nie. Vir hom moet poësie “pretensieloos” wees en hom met die alledaagse besig hou ten einde “viriel (te kan) regopstaan”.

In “brise marine” word die kragdadige uitwerking van poësie op bykans apokaliptiese wyse beskryf. Die digter was by sy lessenaar besig “om strofes en rymklanke uit te ryg” toe ’n geweldige wind opkom en hom, soos Bartholomeus Dias, tot “wêreldvaarder” maak:

“my tafel het ’n dek geword
ek het vergeefs aan die kante daarvan vasgeklou
(en seesiek my kots probeer weerhou)
terwyl my hele wêreld begin kantel

al my strofes het verdeel in woorde
en in matrose verander;”

hy stuur sy verse “onder maan en suiderkruis/na waar halfvergete
strande wag” en dan gebeur die wonder:

“die wit spoor strek soos ’n senuwee
en voor my kloof die see in twee.”²⁰

Hy leef, synde ’n digter, van woorde (“ipv voortdurend”) en strewe daarna “om beter verse uit te vind/uitgekap in Chartres-klip/soos bitter angels in die wind”²¹, met ander woorde, om steeds sy kuns te verfyn en sy ambag te vervolmaak.

Letoit sien gedigte as ’n wyse van voortplanting (“dan dra ons ons tone”), en “lank leef die afrikaanse literatuur”, sê die ou digter aan sy vriend (“epiloo om ’n bamboesstok”). Hulle gedigte het wasdom bereik en pryk in skoolbloemlesings “as ewige monumen-te/vir die eerste teelvaders/van die afrikaanse literatuur, ons.” Die slotstrofe relatiewer hierdie stelling egter tot satire aan die kant van Letoit: “mag dit jare duur/voor die kewers uit afrika/met hulle wit tande/’n pad dwarsdeur/ons ou grafted skuur!” Manuskripte is ver-ganklik: hoe digters ook droom en werk, hul bly maar “digters wat by lamplig/verse bou met sjinese rysstokkies”²² en weet: “die niks (sal) gate deur al ons manuskripte vreet” (“ek het altoos”). Wat sien Letoit dus as sy nalatenskap ten opsigte van die poësie? In die openingsgedig, “my testament”, bepaal hy sy nalatenskap soos volg:

“aan etienne bemaak ek my antieke tikmasjien
om te kyk of hy nie dán tog

’n digbundel gepubliseer kan kry nie”

en sy gedigte bemaak hy aan sy oorlede oupa:

“hy kan in die hemel sit en hulle lees

en suggesties deursmokkel na my toe aan die oorkant”²³

Letoit se poësie word (in die beste gedigte) gekenmerk deur spon-taneïteit en die gebruik van onpretensieuse spreektaal-Afrikaans — in teenstelling met die taalgebruik van iemand soos Casper Schmidt. Só klink die slotstrofe van “eksistensie”: “ek dra dus ’n baard/waarin die sterre soos vetdruppels verdwaal/en lees snags boeke oor okkultisme/geskryf deur sewentiende-eeuse pries-ters/maar ek wens tog jy was hier/om die geeste van my ruite weg te hou”. Die gedig “ek het altoos” is eweneens ’n goeie voorbeeld van raakvat-Afrikaans: “ek het altoos ’n paar goeie rocqueforts in my yskas gehou/vir al my brood-en-botter-vriende as hulle kom kuier”.

suburbia is nie ’n verstegnie eksperimentele bundel of ’n bundel wat beduidende tematische vernuwing bring nie: dis nie ’n bundel wat, soos Theunis Engelbrecht se *’n gedig is so onskuldig soos ’n eier*, opvallend anders is nie.²⁴ Die aard van die werk in *suburbia* verskil selfs heeltemal van die aard van Letoit se werk in *Die “Tagtiger”*. Daar is egter enkele “eksperimente” in *suburbia*, en wel taaleksperi-mente. In die gedig “die steen wat die bouers gefloemie het” maak Letoit op so ’n natuurlike manier van neologismes gebruik dat mens dié woorde onwillekeurig in ’n woordeboek wil gaan naslaan omdat hulle aandoen as woorde waarvan jy bloot die betekenis nie ken nie. Die digters wat glo dat neologismes noodwendig in ’n se-manties duistere konteks geplaas moet word, kan gerus hier van Letoit kom leer. In “ipv voortdurend” maak Letoit nie van neolo-gismes gebruik nie, maar bou hy verskillende semantiese moont-likhede in deur alternatiewe aan die leser te gee en die keuse aan hom oor te laat. Dit is in werklikheid ’n laaggedig soos dié wat deur Opperman mode gemaak is, met as verskil dat die tweede “laag” of betekenismoontlikheid of toepassing nie geïmpliseer word nie, maar pertinent in *soveel woorde gegêe* word. Ek illustreer dit aan die hand van reëls vier en vyf, maar haal net eers die eerste strofe in die geheel aan:

“ipv voortdurend abstraksies te para/od(i)eer

en sedelessies in naghempies te klee

soos die x van xmas .

wat homself (tot ’n) gelyk(en)is maak

met/vir alle huigelende/weifelende sondaars/kerkmense

en so doende satan met ’n slap riem vang”

As die leser die bystellings in reël vier verontagsaam, lees dit soos volg:

“wat homself gelyk maak”.

Neem nou telkens die eerste alternatief in reël vyf:
"met alle huigelende sondaars".

Voeg dié twee reëls saam en dit lees soos volg:
"wat homself gelyk maak
met alle huigelende sondaars".

Die alternatiewe lesing van hierdie selfde twee reëls is egter heeltemal verskillend van betekenis:
"wat homself tot 'n gelykenis maak
vir alle weifelende kerkmense".

Sodoende word verskeie betekenisemoontlikhede aan die gedig gegee, en selfspot bly ook nie agterweë nie! Vergelyk die volgende:
"daar is niks spesiaals aan my nie, vriende
behalwe dat ek van woorde leef
ipv allerlei tipes koek, van terte"
met die gegewe alternatief:
"daar is niks spesiaals aan my nie, vriende
behalwe dat ek van woorde leef
ipv allerlei tipes koeke, om nie van terte te praat nie" (!)

Hierdie twee gedigte lewer bewys van 'n meer volwasse en bedrewe digterskap en laat ook iets van Letoit as Tagtiger deurskemer. Dit is jammer dat 'n paar van die reeds genoemde naïewe gedigte nie ten gunste van meer gedigte van hierdie kaliber wegelaat is uit die bundel nie. *suburbia* bevat egter genoeg verdienstelike gedigte om 'n studie van die bundel te regverdig en as mens in gedagte hou dat Letoit baie interessante dinge in (en met) *Die "Tagtiger"* doen, kan dit wees dat die hoop op 'n werklik verdienstelike opvolgbundel nie beskaam sal word nie.

Human & Rousseau gee in 1982 'n bundel met dertien tydskrifverhale uit onder die titel *Nou's die Kaap weer Hollands*. Dit verskyn onder die naam André le Roux du Toit, waarmee die skrywer te kenne gee dat dit nie as "ernstige literatuur" beskou moet word nie. Die bundel ontlok oor die algemeen gunstige kommentaar, maar Hennie Aucamp waarsku: "André le Roux du Toit mag uitvind dat 'n terugkeer na komplekse verhale van hom 'n moeisame afleer van kitsresepte gaan verg."²⁵ Hy maak dié uitspraak op grond van 'n vergelyking van die verhale in *Nou's die Kaap weer Hollands* met Letoit se kortverhaal "Lena", wat in die prosabloemlesing *Blommetjie gedenk aan my*²⁶ verskyn het. Dié verhaal is geskryf as literêre kortverhaal, dus is die vergelyking enigszins onregverdig, ofskoon die verhale in *Nou's die Kaap weer Hollands* beter is as die gemiddelde tydskrifverhaal. In 'n ongedateerde brief aan Pieter Uys skryf hy dat Human & Rousseau die bundel sins insiens "totaal verkeerd" aangebied het deur nie pertinent op die flaptaks te meld dat *Nou's die Kaap weer Hollands* 'n versameling *tydskrifverhale* is nie.

Letoit het in 'n indrukwekkende klomp literêre tydskrifte gepubliseer: *Donga, Vlieg, Tydskrif vir Letterkunde, The Bloody Horse, Taaldoo, Stet, Graffier, Spado, Ensvoort, Konteks, Standpunte, Contrast, Penseel, Inspan, Nieuw Vlaamse Tijdschrift*, die Belgiese tydskrif *Restant* en waarskynlik ook in *Kabelkarnimfe*.²⁷ Koerantbydraes verskyn in *The Cape Argus, Die Burger, Die Transvaler, Beeld en Rapport*. Hy was gedurende 1980 op *Spado* en gedurende 1981 'n ruk lank op *Graffier* se redaksie. Letoit het ook 'n beduidende bydrae gelewer tot die verspreiding van *Ensvoort* in die Kaap.

In 'n ongepubliseerde artikel vir *Ensvoort*, "Die stand/stank van ons tydskrifte", skryf hy soos volg oor die eerste little magazine waarvan hy redakteur was: "My eerste literêre tydskrif het in 1980 verskyn. Sy naam was *Hunch* en daar was slegs 12 eksemplare. Ek het dit aan die volgende mense gestuur: André P. Brink, Ampie Coetzee, 'n vriend van my in Hermanus, die redaktrise van *Fair Lady* (want ek was verlief op haar dogter wat ek een aand in die sinagoge gesien het), en die res kan ek nie onthou nie. Om die tydskrif te borg moes ek geld van 'n vriend leen onder die voorwendsel dat ek 'n bed wou koop vir my nuwe woonstel in Seepunt. Daarná het ek vir ses maande lank op die vloer geslaap en boonop het niemand ooit ingeteken op my tydskrif nie. Ek dink dis 'n skande. Nietemin, ek was toe darem die redakteur van 'n tydskrif en dis beter as niks." Hy voeg by: "Ek glo ek was effens my tyd vooruit want kort daarna daag ek op by die Skrywersgildeberaad in Gordonsbaai en hier loop ek my vas in Johan van Wyk wat sý tydskrif, *Kabelkarnimfe*, in 'n skoendoos loop en verkoop."

In die daaropvolgende jaar publiseer Letoit 'n bylae tot *Graffier* 3 van April 1981. Hierdie bylae, *Graffiti*, beslaan vier bladsye en

bevat twee strokiesprente, 'n paar foto's en tekeninge, twee getikte gedigte, 'n getikte aanhaling en handgeskrewe graffiti. Dit is 'n collage soortgelyk aan dié op die omslag van *suburbia*. *Graffiti* is (ek haal Letoit aan) 'n "R.I.P.-off" wat op hoogs vermaaklike wyse die draak steek met Die Letterkunde en Ons Heilige Koeie. Sy doelstellings is: "(a) Die Kulturele Identiteit van die Afrikaner as lid van die Derde Wêreld; (b) Radikale linksgesinde immorele agitatie teen die FAK-sangboek; (c) Die ontwikkeling van Soweto-Afrikaans en Kaaps asook die afskaffing van Colonial English; (d) Naasteliefde soos in die Paradys."²⁸

Graffiti het slegs een uitgawe beleef. Kort daarna het Letoit 'n lywiger tydskrif van A5-formaat uitgegee: *ouma*, in dieselfde trant as *Graffiti*, waarvan daar twee uitgawes was. Dié tydskrif is aan 'n beperkte groep mense versprei met wie Letoit persoonlik of deur middel van briefwisseling kontak gehad het.

Hierdie twee little magazines was voorlopers tot en is ingelyf by *Die "Tagtiger"*, 'n A4-formaat tydskrif van vyftig bladsye wat gedurende die eerste kwartaal van 1982 die lig sien.

Soos sy voorgangers word hy gefotostateer en met die hand gebind, en bestaan hy uit 'n collage van tikwerk, handgeskrewe bladsye, foto's, tekeninge, skindernuus en omstrede aanhalings uit korrespondensie (van hoofsaaklik skrywersvriende) aan Letoit. In 'n brief van 2 Augustus 1982 aan *Ensvoort* skryf Letoit: "Die 'Tagtiger' wil nie oorvat by ander bestaande tydskrifte of selfs 'n nuwe beweging begin asof dit 'n georganiseerde geheel is nie . . . Die dinge wat is, is reeds daar, ek probeer (dit) help om georganiseerde uiting te vind, dit 'n koherente stem te gee, en dis soos alle nuwe bewegings begin: niemand beplan dit nie, maar een mens of 'n groep mense, of enkele individue afsonderlik van mekaar, begin dinge in kuns omsit wat tot op daardie stadium slegs ervaar is deur die massas buite die kuns-verband. Die beatnik-skrywers het byv. Amerika se hamburger- en weekend hiking-cream soda-and-Zenkultuur verwoord. Hulle het nie hamburgers uitgevind nie, dié was daar voor die tyd al."

Die redaksie van die eerste "*Tagtiger*" het soos volg daar uitgesien: Stephen Philander (hoofredakteur), André Letoit (redakteur), Mary Morris (bemarking), Jillian Botha (sekretaresse), John Kilometers (hofsake), Snake Pliskin (invordering) en Miranda Marx, alias Kariena Auschwitz²⁹ (foto's, ens.). In die redaksionele artikel skryf Stephen Philander: "Hierdie is 'n nuwe tydskrif wat sal poog om geen noemenswaardige bydrae tot die literêre toneel te maak nie. Ons sal ná twee uitgawes ophou bestaan. Ons is totaal irrelevant en is selfs van onself vervreem. Ons het niks teen Jan van Riebeeck nie."³⁰

Die "Tagtiger" hét egter 'n belangrike bydrae tot die literêre toneel gelewer. Die eksperimentele aard van die tydskrif het baie van die jonger digters en skrywers aangespoor om die letterkunde soms ook op 'n meer onortodokse manier te benader. En afgesien van gedigte, strokies en artikels met 'n hekelende inslag het *Die "Tagtiger"* ook heelwat ernstige werk gepubliseer. Aan die ligter kant bevat die eerste uitgawe van *Die "Tagtiger"* 'n strokiesprent oor John Kilometers en een oor "'n klein groepie bittereinders (Boere) wat in Baputhotswana verdwaal het (en) . . . 'n laaste vesting (vorm) teen die Britse Ryk". Laasgenoemde strokie het egter 'n ernstiger (politieke) ondertoon. Daar is 'n vermaaklike onderhoud met Kmpfarike Zeufenkamp van Randburg, getiteld "Kmpfarike kyk steeds vorentoe". *Ensvoort* en *Graffier* word ook bygekomm: 'n deel van die eerste *Ensvoort* se voorblad word in 'n collage op 'n spyskaart gebruik en, soos in *Graffiti*, word daar met Etienne van Heerden se kalf geploeg deurdat *Graffier* se omstrede slagspreek, "Terug na die Volk", uitgebrei word tot "Vir die Volk • na die Volk • met die Volk • in die Volk • onder/bo-op/agter/benewens/ten behowe van/ten spyte van Die 'Volk'" (pp. 1, 3).

Die "Tagtiger" beywer hom ook vir die bevordering van die letterkunde. In die eerste uitgawe word die verskyning van *Te hel met ouma!* (André le Roux), *Kyafrikaans* (Willem Boshoff), *Skertse* (M.C. Botha), *Obiter dictum* (Etienne van Heerden) en *Kommas uit 'n boomzol* en *Sonneskyn en Chevrolet* (beide deur Dan Roodt) aangekondig. Daar verskyn gedigte van debutante, van reeds bekende digters soos Theunis Engelbrecht en Pieter Uys en tipografiese eksperimentele gedigte van Jan Jonathan Knoetze in die styl van die Nederlandse Vijftigers. Op prosagebied verskyn 'n kortverhaal

deur M.C. Botha, "Kuns of spoeg in skuim".

"The lost art of conversation" deur P.F.P. van Wyk Louw³¹ is 'n baie belangrike artikel oor Afrikaans en die sogenaamde Tagtigerskrywers. Hy skryf soos volg oor die krisis waarin Afrikaans verkeer: "I would define the crisis of both the Afrikaner and his language as an extreme tendency to compartmentalisation. It boils down to the fact that, at present, no normal bulk of Afrikaans writing exists . . . Many Afrikaans-speaking people read English paperbacks in their free time — in fact, in a secret research programme recently it was discovered that even the members of the governing Cabinet, who are almost all Afrikaans-speaking, spend most of their free time reading James Hadley Chase" (pp. 21-22). Wilbur Smith en Heinz Konsalik (wie se romans deur Tafelberg in Afrikaans uitgegee word) is nog twee gunsteling onder die Afrikaanse leerspubliek. Louw vertel dat hy 'n manuskrip gedigte, *Hillbrow-revue*, aan Tafelberg voorgelê en ná bykans 'n jaar eers gehoor het dat dit afgekeur is. Hy skryf dit toe aan ". . . forces at work in this Apartheid-dominated system which have strived for very long to keep out all new and unusual influences. Until recently. The so-called Tagtigers have begun to make a breach in the wall by starting their own publishing firms, magazines (such as this one) and thereby either publishing their own work or exerting pressures on existing publishers to be more openminded. The medieval system of censorship, public prejudice, and the general superstitious atmosphere of the average Afrikaner's way of thinking, however, still tries to put a brake on new trends of thought among the young" (p. 22). Hy glo dat die Tagtigers 'n rol te speel het omdat die samelewing drasties verander het en steeds verander. "For one thing, we — or rather, our ancestors — have never planned for a multiracial future . . . Now, in the face of a rapidly approaching multiracial future and generally accepted political moves towards 'power-sharing', the bureaucrats in charge of our cultural heritage and its protection may well find themselves helpless. Their predecessors have left them no set of rules of how to conduct themselves and how to preserve Afrikaans identity in such circumstances." Hy gee toe dat sommige ouer skrywers soos Jan Rabie, Elsa Joubert, André P. Brink en Hennie Aucamp ten volle in voeling is met die veranderende omstandighede, maar voeg tog by: "I hope, however, that young writers will not copy these masters without consulting their own hearts. The world we grew up in is vastly different from the world in which our predecessors grew up in, even if many of them survived the changes. But if Rabie challenged Apartheid in his latest book, it is up to us to actually go out and MEET THE BLACK WRITERS. There is no more room for theory, in time even satire and revolt will have spent its voice to make room for CONSTRUCTIVE ENGAGEMENT. That is the nitty-gritty part. Only then will a new South African culture flourish" (p. 23).

Hierdie artikel kan beskou word as 'n embrionale weergawe van Letoit se reeds aangehaalde essay wat in *Tydskrif vir Letterkunde*³² verskyn het. Letoit het die nodigheid ingesien van 'n dokument wat sal help om die werk van jong skrywers "oop te maak" deur lig te werp op die aard van "Tagtig" en die leefwêreld wat vormend ingewerk het op die sogenaamde Tagtigers. Letoit is bly dat hy 'n Tagtiger is: "Tagtig is belangrik, nie omdat ons dit so wou gewil het nie, maar ook omdat óns aansluit by 'n wêreld-tydsgees of bewussynservaring wat essensieel Tagtig is" (p. 92). Hy beskou Tagtig suiwer as 'n uitvloeisel van die tydsgees: "Al word ons dan ook Tagtigers genoem, weet ek vir 'n feit dat daar geen sprake is van 'n eenheidsbeweging of 'n sameswering met voorbedagte rade nie. Ons is nie 'n kunsmatig of beplande beweging soos die Pre-Raphaelitiese skilders nie. Ons is nie eers deur enige uitgewer beplan nie. Inderdaad, as die establishment nie so suinig met ons was nie, het die sewentigerjare reeds gewemel met mense soos Dan Roodt en boomzolle en dinge. Ek sê dit omdat ek weet dat dit ons leefwêreld is, en reeds geruime tyd is. Ek sê dit omdat ek dinge weet van die Suid-Afrikaanse sosiologiese klimaat wat die meeste ouer mense nie van kan droom nie. Daar is van die ouer skrywers en digters wat eerder oorsee sal gaan vir 'n bietjie jol en permissiwiteit en soeke na Isis en wragtig nie besef wat saans in die Holiday Inn se diskoteek in Bellville gebeur nie . . . Daar het 'n nuwe geslag grootgeword onder julle neuse en party van hulle het nog nooit van C.M. van den Heever gehoor of 'n plattelandse somer beleef nie. Wat presies wil ek sê? Dat ons jongmense in proefbuise grootgeword het en hulle eie waardes moet soek, op onortodokse wyses" (p. 93).

Letoit beskou verstedeliking as die grootste enkele faktor wat bygedra het tot die totstandkoming van 'n geslag Tagtigers: "Wat ek wil sê is dat ons in ons eie leeftyd, d.w.s. die afgelope dertig jaar, iets soortgelyks aan die Groot Trek beleef het, en veel belangriker, met veel groter lewensverlies. Dit is die trek van armblankes vanuit Bellville en Parow na blink huise in Waterkloof en Menlo-park.³³ Ons geslag kinders, ten minste die van ons wat om genetiese redes graag wil skryf, is die Tagtigers."³⁴ Vervreemding en ontmensliking word as twee kenmerke van Tagtig genoem, maar Letoit beklemtoon weer eens dat "die Tagtigers . . . nie 'n essensieel hedogene en onmiddellik verstaanbare stylbeweging is nie."³⁵ Die Tagtigers se taak is volgens Letoit om die "samelewing . . . van mense wat tot dusver deur die establishment geïgnoreer is"³⁶ bekend te stel. Dit is wat Johan van Wyk in *Bome gaan dood om jou* gedoen het, en Letoit beskou dié bundel as "right in the midstream of Tagtiger thinking. It is suburban poetry, stripped to the minimum, undecorative, and involves such common images as vacuum-cleaners, flats, transistor radios, all packed together densely in a foliage of words vibrating with an inherent, if subdued, sense of terror and paranoia. It is in work such as this that the two main-streams of Tagtiger thinking, the need to return to basic values and the need to experiment in a different way, can be admirably reconciled."³⁷

Ons verkeer in 'n oorgangsfase, volgens Letoit. "Ek is eerlik as ek sê dat ons 'n gistingstydperk beleef soos nog nooit tevore nie; dat daar in die toekoms baie meer jong Afrikaanse Skrywers sal begin skryf uit verskillende en tot dusver ongehoorde uithoeke van die milieu — en dat ons afstuur op 'n tydperk waar ons inderdaad kan sit met 'n geweldige tekort aan byderwetse uitgewerye om hierdie nuwe gebeurtenisse die lig te laat sien . . ."³⁸

Om hierdie rede is die little magazines belangrik: hulle bied ruimte vir die publikasie van (o.a.) eksperimentele werk en werk wat deur gevestigde uitgewers as 'n risiko of as dalk te gewaagd of nie belangrik of literêr genoeg nie beskou word. Daarom het daar al vyf uitgawes van *Die "Tagtiger"* verskyn en is daar plek vir 'n verskeidenheid little magazines. Letoit het dit op 'n stadium oorweeg om *Die "Tagtiger"* se publikasie te staak. In 'n brief agterop die tydskrif *No Name* versoek hy *Ensovoort*: "Sal julle asb. aankondig dat ek as editeur van die 80er geabdikeer het . . . Dis my ideaal dat ander jong skrywers nou my voorbeeld volg en sover moontlik elkeen sy eie tydskrif vir 'n rukkie uitgee." Sy vriende het egter ingespring om hom te help ten einde te verseker dat *Die "Tagtiger"* bly voortbestaan. Letoit skryf vanuit Dennesig in 'n ongedateerde brief aan Pieter Uys: "die 'Tagtiger' het 'n nuwe redakteur . . . Hy is . . . besig om, met behulp van 'n volledige administratiewe redaksie wat ons saam aangestel het, die chaos van adresse en briewe uit te sorteer. Ons het my blyplek in Chalet no. 12, Drie Gewels-Hotel, omskep in 'n kantoor en 'n werk/slaap/drink (koffie)plek waar ons almal tot laat sit en stypel en filosofeer . . . Ek is bly dat ek nie meer die werk alleen hoef te doen nie want dit het my verskriklik down laat voel."³⁹

Dit het reeds uit vroeër aangehaalde uitsprake geblyk dat Letoit geen besondere vertroue in die gevestigde uitgewers het nie. Die slotparagraaf van "The lost art of conversation" bevestig dit: "I myself have approached Tafelberg Publishers again. I am going to trust them once more, this time with a novel. If they do not like it I shall publish it myself and sell it on photostats such as this."⁴⁰ Letoit het kort gelede inderdaad sy eie uitgewery tot stand gebring. In 'n brief (11 Februarie 1983) skryf hy aan Johann Lode-wyk Marais: "n naam vir die nuwe uitgewery? wow — daar's so baie — nou die dag self 'n lys name gehad vir my eie underground besigheid — eindelijk besluit op UITGEWERY SKEURBUIK, hoewel RANK XEROX 'n sterk mededinging was." Dié uitgewery, "onder beskerming van Stephen Philander, André Letoit en A.P. Meiring, is 'n liefdadigheidsbeweging ter bevordering van Punkafrikaans" — aldus die bekendstellingspamflet, wat ook 'n kort apytwekkertjie van Uitgewery Skeurbuik se eerste publikasies bevat: *Gedigte vir Afrika*⁴¹, wat werk van veertien Afrikaanse digters bevat (met 'n kort biografiese skets van elke digter) en *Om te emigreer*, 'n punk-novelle deur Letoit: "die hartroerende verhaal van 'n jong skrywer wat nie genoeg geld in die hande kan kry om die land te verlaat nie. Hy skryf verhalte vir die *Huisgenoot* en probeer 'n Stranddienskamp organiseer op Struisbaai. Wanneer sy planne misluk, gaan hy van sy kop af. Volop illustrasies, padkaarte en mitologiese verwysings."

Letoit se "eerste volwaardige roman"⁴² is pas voltooi. Dit heet *Somer II* en in die lig van sy opmerking in verband met die jeug se onkunde aangaande C.M. van den Heever en plattelandse somers kan mens vermoed dat dié roman waarskynlik 'n weergawe sal wees van die manier waarop die geslag "proefbuiskinders" 'n somer beleef. Die roman word deur een van die gevestigde uitgewersmaatskappye uitgegee. Hierbenewens is daar ook 'n bundel kortverhale. *My nooi is in 'n tikmasjien*, by Perskor op pad.

Daar kan nog veel meer van Letoit gesê word, soos dat hy van tyd tot tyd baie interessante bandopnames maak⁴³ (wat op sigself studiemateriaal is) en dat hy, volgens gerugte uit die Kaap, bykans 'n kultusfiguur in Stellenbosch geword het. Ek moet egter hiermee volstaan en hoop dat hierdie artikel (wat nie as volledig beskou moet word ten opsigte van *Die "Tagtiger"* en Letoit se uitgewersbedrywighede nie) Letoit by 'n wyer publiek bekend sal stel as 'n veelsydige skrywer en een van die vernuwers van "Tagtig".

Voetnote

- Du Toit, André le Roux. Besonderhede ingevul op die "Vraelys vir biografiese en bibliografiese besonderhede" wat in 1981 deur die RGN se Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL) uitgestuur is.
- "André Letoit oor die Tagtigers", in *Tydskrif vir Letterkunde*, nuwe reeks, jg. XXI, nr. 1, Februarie 1983, p. 91.
- Du Toit, "Vraelys vir biografiese en bibliografiese besonderhede", *op. cit.*, p. 2.
- In 'n ongedateerde brief aan Pieter Uys skryf Letoit: "... die afgelope week het ek net in die Kaapse strate rond gedrift. Eergisteraand in 'n kar geslaap in Bellville onder 'n kombers vol vlooië wat 'n vriend van my uit 'n gestigsaal van Stikland uitgesmokkel het in ruil vir 'n bottel Virginia... Ons het die goed deur die tralievenster vir mekaar aangegee."
- Dit is die opskef wat Letoit aan die reeds aangehaalde artikel "André Letoit oor die Tagtigers" gegee het.
- "André Letoit oor die Tagtigers", *op. cit.*, p. 94. Die meeste van sy *Huisgenoot*-stories is liefdesverhale.
- Du Toit, André le Roux. *et. al. Brekfis met vier*. — Bellville: Skoppensboer, 1981.
- Ibid.*, bekendstelling van Skoppensboer op agterflap. Dis jammer dat hierdie uitgewery nie meer bestaan nie.
- Dié onderhoud word gevoer op 'n bandopname wat deur Letoit aan SENSAL geskenk is. Die aangehaalde gesprek is verbatim getranskribeer.
- Op hierdie stadium het nóg Letoit, nóg Van Heerden al gebundel.
- In *suburbia* word Letoit verkeerdlik as "Letroit" aangegee ter erkenning van die omslagillustrasie. Die volgende spel- en setfoute kom voor: "bv." i.p.v. "bv." (p. 13), "balonne" i.p.v. "ballonne" (p. 25), "refrvntjies" i.p.v. "refreintjies" (p. 36), "testesteroon" i.p.v. "testosteroon" (p. 45), "mendelsohn" i.p.v. "mendelssohn" (p. 45), "corduroy-slacks" i.p.v. "corduroy-slacks" (p. 52), "jn" i.p.v. "en" (p. 46), "gabaretaal" i.p.v. "gebaretaal" (p. 52) en "vedwaal" i.p.v. "verdwaal" (p. 58).
- "André Letoit oor Die Tagtigers", *op. cit.*, p. 92.
- Hornby, A.S., *Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English*. — Oxford: OUP, 1974.
- Roodt, P.H., Man van 12 ambagte, in *Hoofstad*, 7 Junie 1982, p. 7. Ook Suburbia is vol belofte, in *Oosterlig*, 28 Julie 1982, p. 12 en Suburbia verras, in *Oggendblad*, 7 Mei 1982, p. 7.
- Malan, Charles. Gehalte is toetssteen vir debuutbundels, in *Die Volksblad*, 20 Januarie 1983, p. 2.
- Brink, André P., Genoeg belofte in Letoit se debuut, in *Rapport*, 21 November 1982, p. 42.
- Ibid.*
- 'n Straatkafé kom in hierdie gedig voor — soos ook in "die son loop agter wolke deur", "grom" en "elegie".
- De reis van Sente Brandane* (Naar den Comburgschen tekst uitgegeven met inleiding, aantekeningen en bibliographie door dr. A.T.W. Bellemans.) — Antwerpen: Nederlandsche Boekhandel, 1942.
- Hierdie gedig sluit aan by N.P. van Wyk Louw se "Die beiteljie" en by D.J. Opperman se "Digter". F.W. de Jongh se gedig "Om 'n beeldjie te kap" (in *Klipsuete*.-Kaapstad: Perskor, 1980) sluit op sy beurt baie sterk by "Die beiteljie" aan.
- "gebed vir my pleegmoeder", *suburbia*, p. 39. Dit lyk asof die digter hier te kenne wil gee dat hy tot beter poësie in staat sal wees buite Afrika: "ook ek wou Afrika ontglim/om beter verse uit te vind/uitgekapt in Chartres-klip" — of glo hy dat hy dáár beter poësie sal vind?
- "my kaap", *suburbia*, p. 56. In 'n ongedateerde brief aan Johann Lodewyk Marais sê Letoit ook die volgende van die Kaap: "mens is geneig om kontak te verloor met die wrede anargisme as jy te lank tussen die bruinrooi wingerde v/d Kaap verkeer. alles word wellewend. ek bewonder mense soos julle wat dit regkry om tussen die regop geboue van Pretoria te leef."
- Dit lyk asof Letoit Opperman se bekende uitspraak, "Kuns is boos!", baie letterlik opneem!
- Ek stel "andersheid" nie as vereiste en verhef dit nie tot kriterium ten opsigte van die gehalte van 'n bundel nie.
- Aucamp, Hennie, Nuwe snobisme? Verheerliking van middelmoott-literatuur, in *Die Vaderland*, 28 Januarie 1983, p. 8.
- Aucamp, Hennie, *samst., Blommetjie gedenk aan my*. — Kaapstad: Tafelberg, 1978.
- Kabelkarmifse* publiseer bydraes anoniem.
- Graffiti*, bylae tot *Graffier* 3, April 1981, p. 1.
- Alias Karin Konsentrasiekamp (Dan Roodt se regterhand).
- Philander, Stephen, Editoriaal/Redaksioneel, in *Die "Tagtiger"*, eerste kwartaal 1982, eerste uitgawe, tweede oplaag, p. 5. (Die bladsye in *Die "Tagtiger"* is ongenommer en die volgorde mag van oplaag tot oplaag verskil.)
- P.F.P. van Wyk Louw is Letoit se skuilnaam.
- "André Letoit oor die Tagtigers", *op. cit.*, pp. 91 - 96.
- Deel van die "lewensverlies" is mense wat, soos Letoit, in 'n "staatsgefinanseerde gestig" beland het: "Want dis waar al die gemors beland het wat nie die mas in Waterkloof en die res van die sisteem kon opkom nie; geskeide vrouens wat hul gemeubileerde sitkamers tydelik verruil het vir die sonskyn op die malhuis se stoep; post-tienderjariges soos ek, wie se ouers in sommige gevalle hulle name vergeet het en hulle daar ingesit het omdat hulle wiskundepunte op skool te laag was" (*Ibid.*, p. 94). Geen wonder, dus, dat Letoit 'n afsku aan Pretoria het nie. Hy skryf soos volg in 'n onlangse, ongedateerde brief aan Pieter Uys: "Dis vir my moeilik om objektief te wees oor... Pretoria, die stad wat ek bo alles haat en verag weens die witmense se selfsug, snobisme en gebrek aan waardes of sin vir proporsie."
- "André Letoit oor die Tagtigers", *op. cit.*, p. 93.
- Ibid.*, p. 95.
- Ibid.*
- Louw, P.F.P. van Wyk, The lost art of conversation, in *Die "Tagtiger"*, eerste kwartaal 1982, *op. cit.*, p. 24.
- "André Letoit oor die Tagtigers", *op. cit.*, p. 95.
- Uit hierdie mededeling is dit duidelik dat *Die "Tagtiger"* se redaksie 'n skaduredaksie was van mense wat, met uitsondering van moontlik Jilian Botha, denkbeeldig is. Letoit het in 'n mondelinge mededeling aan Johann Lodewyk Marais gesê dat daar selfs nie 'n persoon soos Stephen Philander is nie. Het *Die "Tagtiger"* dus wêrelik nou 'n "nuwe redakteur"?
- Louw, The lost art of conversation, *op. cit.*, p. 24.
- Gedigte vir Afrika*. — Dennesig: Skeurbuik, 1983. Die volgende kennisgewing verskyn bo-aan die inhoudsopgawe: "GEDIGTE VIR AFRIKA" gaan (indien moontlik) elke jaar verskyn en uiteindelik die rol van die GROOT VERSEBOEK oorneem."
- Volgens 'n brief aan Pieter Uys, gedateer "Sondag".
- Die band waarvan ek 'n deel van die onderhoud met Etienne van Heerden getranskribeer het, bevat ook telefoongesprekke met Perskor se klubboek-afdeling en 'n fortuinverteller, musiek (insluitende eie komposisies), voordrag van jeugverse en skindernuus.

Opmerkings

- Alle aanhalings uit Letoit se briewe en ander publikasies is *ongeredigeer*.
- Letoit se briewe is bykans almal ongedateer, maar is geskryf tussen 1981 en 1983.
- Die briewe aan *Ensovoort* maak deel uit van die *Ensovoort*-dokumentewersameling.

Met erkenning aan Pieter Uys en Johann Lodewyk Marais vir die beskikbaarstelling van korrespondensie, Francis Galloway vir die opspoor van die verwysing na "Vleiswiel" en SENSAL vir resensies, bandopnames en ander dokumentasie i.v.m. Letoit.